'Gesloer ná tugverhore benadeel skooldissipline'

Alet Rademeyer

PRETORIA. – Skole het reuse-probleme met provinsiale onderwysdepartemente om aanbevelings oor leerlinge wat in tugverhore skuldig bevind is, bekragtig te kry.

Onderwyskundiges wat eergister aan die 18de internasionale konferensie van die Suid-Afrikaanse Vereniging vir Onderwysreg (SAVO) buite Johannesburg deelgeneem het, het gesê die departement se gesloer om die skorsing van leerlinge te bekragtig, het 'n baie negatiewe impak op dissipline in 'n skool.

Prof. Johan Beckmann van die Universiteit van Pretoria (UP) meen gehalte-onderrig kan net in 'n omgewing plaasvind waar dissipline-prosesse en -prosedures doeltreffend gehanteer word.

Talle skole sukkel met 'n agteruitgang in dissipline omdat diegene wat die tugverhore moet lei nie behoorlik opgelei is om dit te doen nie, het hy gesê.

Kragtens die Skolewet het skoolbeheerliggame die plig om tugverhore te hou en toe te sien dat dit billik en regverdig verloop.

Beckmann meen skole benadeel hulself as hulle nie tugverhore hou nie en eerder verkies om dissiplineprobleme te ignoreer omdat hulle nie weet wat om te doen nie.

Paul Colditz, uitvoerende hoof van die Federasie van Beheerliggame van Suid-Afrikaanse Skole (Fedsas), het gesê skole wat aanbevelings aan provinsiale departemente doen oor straf vir leerlinge, kry in KwaZulu-Natal, Limpopo, die Oos-Kaap en Noordwes geen terugvoering nie. In die Vrystaat, Gauteng en die Wes-Kaap is dit beter.

Volgens Colditz frustreer dit skole en beheerliggame erg, en in baie gevalle word aanbevelings ook sommer net van die hand gewys.

Prof. Elda de Waal van die Noordwes-Universiteit het gesê onderwysers het ook 'n plig om leerlinge verantwoordbaarheid te leer en nie net die kurrikulum te onderrig nie.

Onderwysers kan volgens haar ook toesien dat skole se leerlingrade opleiding kry om sodoende hul rol te vervul om verantwoordbaarheid in 'n skool te kry.

De Waal het gesê skoolterreine is nie sonder grense nie en skoolowerhede se optrede kan nie onbeperk wees nie.

Die dilemma is om orde in openbare skole te handhaaf, terwyl leerlinge se vryheid van spraak en uitdrukking ook gerespekteer word.

Om skole plekke te maak waar almal verantwoordbaar optree, moet onderwysers en hoofde deur hul voorbeeld lei en ouers ook besef hulle het 'n plig om hul kinders op te voed om verantwoordbaar te wees, het sy gesê.

"Hierdie berig is n presiese weergawe van die berig wat in die koerant verskyn het. Regstellings rakende die berig is moontlik n die publikasie daarvan gedoen. Soek asseblief in die argief en/of ander nuusbronne vir moontlike regstellings om die nuutste inligting te bekom."